Verwysing: 20210920-5989
Lêerno.: 12/2/7/P
Navrae: P van Niekerk

Omsendbrief: 0059/2021
Vervaldatum: Geen

Aan: Adjunk-direkteurs-generaal, Hoofdirekteure, Direkteure (Hoofkantoor en distrikskantore), Kringbestuurders, Prinsipale en Voorsitters van beheerliggame

Kort opsomming: *Prinsipale en beheerliggame van gewone openbare skole moet die ontwettige praktyke wat verband hou met skooltoelatings, die betaling van skoolgeld en die heffing van ander gelde staak.*

**Onderwerp: Onwettige praktyke wat verband hou met skooltoelatings, die betaling van skoolgeld en die heffing van ander gelde**

1. Die Wes-Kaap Onderwysdepartement (WKOD) strewe daarna om te verseker dat alle skole onder sy jurisdiksie gesonde beleide implementeer en administreer wat daarop gemik is om 'n billike en doeltreffende administrasie teweeg te bring.

2. Klagtes en ander navrae wat van die publiek ontvang is rakende toelatingspraktyke en die betaling van skoolgeld en ander gelde, dui daarop dat sommige bepalings van die Suid-Afrikaanse Skolewet (SASW), 1996 (Wet 84 van 1996), tans verontagsaam word.

3. Die volgende is voorbeelde van wanpraktyke wat aangemeld is:

3.1 Ouers word verplig om ten tyde van die aansoek 'n nieterugbetaalbare deposito, vooraftoelatingsgelde, hertoelatingsgelde, of ander gelde te betaal om 'n leerplek by die skool te verseker.

3.2 Skole stel nie hulle toelatingsbeleide aan ouers beskikbaar nie, en hierdie beleide kan ook nie op webwerwe of ander openbare platforms verkry word nie.

3.3 Ouers ontvang dikwels geen redes waarom 'n skool weier om hul kind toe te laat nie.

4. Skole moet die volgende in gedagte hou:

4.1 As 'n ouer 'n toelatingsaansoek ingedien het, moet die redes vir **nietoelating** duidelik gestaaf word.

4.2 Ingevolge artikel 5 van die Wet op die Bevordering van Administratiewe Geregtigheid, 2000 (Wet 3 van 2000), is dit nodig om duidelike redes vir administratiewe handeling te verskaf. Die wet bepaal ook dat 'n antwoord vir nietoelating gegee moet word binne 90 dae van ontvangs van sodanige aansoek.

4.3 Die toelatingsbeleid van die WKOD, uitgereik in Omsendbrief 26/2010, gedateer 24 Augustus 2010, staaf duidelik dat beheerliggame moet toesien dat hul skole se toelatingsbeleide ten volle voldoen aan alle aspekte van die betrokke wetgewing.

5. **Vrystelling van die betaling van skoolgeld**

5.1 Die aandag van beheerliggame word gevestig op die voorskrifte van die *Regulasies vir die Vrystelling van Ouers van die betaling van Skoolgeld* (gepubliseer onder *Regeringskennisgewing R1052* in *Staatskoerant No. 29311* van 18 Oktober 2006, soos gewysig).

5.2 Die volgende is aangemeld:

5.2.1 Sommige skole weier om ouers van die aansoekvorm te voorsien waarop aansoek gedoen word om skoolgeldvrystelling.
5.2.2 Die toelating van 'n leerder word gebaseer op die ouers of voogde se vermoë om skoolgeld te betaal.
5.2.3 Ouers wat sosiale toelae ontvang, word verplig om toelatingsgeld en/of skoolgeld te betaal.
5.2.4 Ouers wat verkies om nie hulle kinders by die naaste geenskoolgeldskool te registreer nie, word aangesê dat hulle nie om skoolgeldvrystelling aansoek kan doen nie.

5.3 Volgens die *Regulasies vir die Vrystelling van Ouers van die Betaling van Skoolgeld* is die volgende persone ten volle vrygestel van die betaling van skoolgeld:

5.3.1 'n Persoon wat die verantwoordelikheid van 'n ouer het ten opsigte van 'n kind in een van die volgende:
a) 'n Pleeghuis.
b) 'n Jeugsorgsentrum.
c) 'n Plek van veiligheid.
d) 'n Weeshuis.

5.3.2 'n Persoon wat 'n verwantskapsversorger is van 'n weeskind of 'n kind wat
a) deur sy of haar ouers versaak is, of
b) sonder enige sigbare ondersteuning is.

5.3.3 'n Persoon wat 'n sosiale toelae namens 'n kind ontvang.

5.3.4 'n Kind wat die hoof van 'n huisgesin is.

5.4 Die definisies van "leerder" en "ouer" soos bedoel in die SASW sluit alle leerders of ouers in, ongeag hulle plek van oorsprong, solank as wat hulle kwalifiseer om in Suid-Afrika te bly.

6. **Skoolgeld**

6.1 Omsendbrief 16/2007, gedateer 26 Maart 2007, handel oor skoolgeld, soos bedoel in artikel 39 van die SASW. Daar is egter gevind dat sommige skole:

6.1.1 Administrasiegelde hef;
6.1.2 Nieterugbetaalbare handboekheffings oplê;
6.1.3 Verpligte ontwikkelingsgeld hef, wat soms terugbetaalbaar is wanneer die leerder graad 12 slaag;
6.1.4 Verslagkaarte of oorplasingsertifikate terughou omdat ouers nie in staat is om die skoolgelde te betaal nie;
6.1.5 Leerders verhoed om deel te neem aan die skool se buitemuurse program omdat hulle ouers nie skoolgeld kan betaal nie; of
6.1.6 Ouers verplig om vrywillige gelde te betaal by geenskoolgeldskole.

6.2 Bogenoemde optrede word as onwettig beskou; skole en beheerliggame moet hulle van hierdie praktyke weerhou.

6.3 Dit is verpligtend vir die beheerliggaam, as hoofbeskermer van die skool se finansies en beleide, om altyd op te tree ingevolge artikel 16 (2) van die SASW.

6.4 Skole moet daarop let dat die toelatingsbeleid van enige skool in ooreenstemming moet wees met die Grondwet en enige toepaslike wet. Artikels 5 en 39 van die SASW, wat te doen het met toelatings en skoolgeld onderskeidelik, word besonder benadruk vir die doel van hierdie omsendbrief.

6.5 Die WKOD wil ook graag die aandag van prinsipale by openbare skole vestig op hulle verpligtinge ingevolge artikel 16(3) en 16A 1(a), (2) en (3) van die SASW.

7. **Skole wat weier om drukstukke van aansoeke te verwerk:**

7.1 Alhoewel 79% van ouers die aansoeke van hul kinders in 2021 op die elektroniese stelsel vasgelê het, maak die aanlyntoelatingstelsel voorsiening vir skole om aansoeke namens ouers wat nie toegang tot die internet het nie, op te neem.

7.2 Baie ouers kontak en besoek ons kantore en toon hul frustrasie oor skole wat weier om drukstukke van aansoeke te aanvaar en dat hulle sonder enige ondersteuning weggewys word.

7.3 Alhoewel ons ouers gereeld aanmoedig om aanlyn aansoek te doen, moet ons in ag neem dat daar steeds ouers is wat moontlik nie toegang tot die internet het nie en dalk nie die aanlynproses kan behartig nie.

7.4 Skole moet vir sulke ouers voorsiening maak en drukstukke van aansoeke aanvaar en hulle ondersteunsteun deur óf die skool rekenaarsentrums beskikbaar te stel en ouers te help om aansoek te doen, óf om drukstukke vir aansoeke te aanvaar en dit op die stelsel by te werk.

7.5 Skole mag SLEGS die WKOD-vorm in so 'n geval gebruik.

8. **Skole wat inligting van ouers versoek, wat teenstrydig is met die SASW en/of die Wet op die Beskerming van Persoonlike Inligting (POPIA), 2013 (Wet 4 van 2013)**

8.1 Skole word daaraan herinner om NIE persoonlike inligting oor voornemende leerders en hul ouers aan te vra vir toelatingsdoeleindes wat NIE strook met hoofstuk 2, paragraaf 5, van die SASW nie.

8.2 Dit bevat inligting rakende die vermoë van die ouer om skoolgeld te betaal of persoonlike inligting en inligting oor die leerder se gedrag of die ouer wat teenstrydig is met die POPIA.

8.3 Prinsipale, beheerliggame en opvoeders wat sulke versoeke om vertroulike inligting aanvra of daarop reageer, word hiermee in kennis gestel dat sodanige praktyke die skool en die WKOD aan 'n grondwetlike uitdagings kan blootstel.

8.4 Die WKOD doen 'n beroep op prinsipale en beheerliggame om sensitief te wees teenoor ouers in die moeilike ekonomiese tye. Alle gesinne in Suid-Afrika is geraak deur COVID-19 en die impak daarvan op die wêreldekonomie. Artikel 41 van die SASW bied 'n aparte prosedure vir die terugbetaling van onbetaalde skoolgeld, indien nodig.

9. Bring die inhoud van hierdie omsendbrief onder aandag van amptenare by distrikskantore, lede van beheerliggame en skoolbestuurspanne.

**GETEKEN:** B WALTERS
**HOOF: ONDERWYS**
**DATUM:** 2021-10-08